LAERSKOOL MIKRO

... waar kind nog kind kan wees ...

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

2023 KUNSINLIGTING : LEES ASSEBLIEF NOUKEURIG

KUNSKLASSE VIR 2023

Die koste vir 2023 per leerder is R2 200-00 per jaar (R200 x 11 maande)

Die keuse van betaalwyse vir 2023 is soos volg:

Jaarliks	Betaling van R2 200-00 voor/op 31 Januarie 2023.
Debietorder	Betaling geskied oor 11 maande vanaf 1 Februarie 2023 tot 1 Desember 2023. Indien u per debietorder gaan betaal, voltooi asseblief die meegaande vorm.
Maandeliks	11 gelyke paaiemente vanaf 1 Februarie 2023 tot 1 Desember 2023 van R200-00 elk.

NB! **Kunsgelde moet apart van skoolfonds betaal word, met die regte verwysing.**



LET WEL: KAARTFASILITEIT IS NOU BESKIKBAAR

Die verwysing vir betaling moet asseblief die familiekode en "kuns" wees, bv ABCD Kuns.

Indien u per debietorder gaan betaal, sal die kunsgelde apart van u rekening verhaal word.

Kontant betalings word by die sekretaresse gemaak en nie by die kunsopvoeder nie.

Dui asseblief op die volgende bladsy aan hoe u verkies om te betaal. Die Beheerliggaam maak daarop staat dat u streng volgens u keuse sal betaal.

Indien u betaling 30 dae agterstallig is, word die betrokke leerder(s) se klasse onmiddellik gestaak en kry 'n ander leerder die geleentheid om kunsklasse te neem.

Let asseblief daarop dat klasse wat gemis word deur die leerders, nie ingehaal sal word nie en steeds betaalbaar is. Indien 'n leerder meer as twee keer per kwartaal 'n ekstra kunsklas mis, sonder 'n skriftelike verskoning van die ouer, sal hy/sy vriendelik verplig word om ekstra kuns te staak. Indien 'n leerder klasse gemis het as gevolg van eksamen, is dit die leerder se eie verantwoordelikheid aangesien klasse normaalweg voortgaan gedurende eksamen.

Neem asseblief in ag dat daar in 'n kwartaal skoolverpligtinge kan plaasvind wat die opvoeder moet bywoon. 'n Minimum van 8 lesse per kwartaal word gewaarborg.

Baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Mnr L. C. Mouton
SKOOLHOOF

LAERSKOOL MIKRO

... waar kind nog kind kan wees ...

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

STUUR ASB HIERDIE VORM TERUG SKOOL TOE BINNE TWEE DAE NA ONTVANGS

KUNSKLASSE : WYSE VAN BETALING 2023

NB! Die vorm moet voltooi word deur die persoon wat vir die kunsgeldbetaling verantwoordelik is. U keuse is bindend en lesse sal onmiddellik gestaak word indien u meer as 30 dae agterstallig raak. Geregtelike stappe sal geneem word vir die invordering van die *volle uitstaande bedrag.*

OUER/VOOG: _____

POSADRES: _____

_____

TEL. (WERK): _____ (HUIS): _____ (SEL): _____

E-POS ADRES: _____

Besonderhede van kunsleerder(s) vir 2023	
Naam en Van	**Graad & klas**

MAAK 'n KRUISIE IN DIE TOEPASLIKE BLOKKIE:
L.W.: Kredietkaartfasiliteit is beskikbaar.

1. Betaling sal geskied per aangehegte debietorder wat van krag sal wees vanaf 1 Februarie tot 1 Desember 2023. ☐

2. Betaling sal maandeliks as kontant/internet/direkte bankbetaling geskied. Eerste betaling voor/op 1 Februarie 2023 en laaste betaling voor/op 1 Desember 2023. ☐

HANDTEKENING: _____ DATUM: _____

LAERSKOOL MIKRO

... waar kind nog kind kan wees ...

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

KUNSDEBIETORDER 2023

Ek, die ondergetekende, magtig Laerskool Mikro om met my bank/bouvereniging reëlings te tref om die bedrag, soos aangedui, uit my rekening te onttrek. Die reëlings sal van krag wees vanaf 1 Maart 2023 tot 1 Desember 2023, waarna Laerskool Mikro dit sal kanselleer. **NB**. INDIEN U GEDURENDE DIE JAAR U DEBIETORDER-BETALING WIL STAAK, MOET U ASB. LAERSKOOL MIKRO **SKRIFTELIK,** IN KENNIS STEL, SODAT ONS DIT KAN KANSELLEER EN SODOENDE KENNIS DRA VAN GEWYSIGDE BETAALWYSE. Sou u vorm laat of ná die 20ste van die maand ingedien word, sal die debietorder nie vir daardie betrokke maand van krag wees nie, dus moet u 'n alternatiewe betalingsmetode gebruik vir daardie maand.

1. REKENINGHOUER - VAN: _____
2. EERSTE VOORNAAM EN VOORLETTERS: _____
3. ADRES: _____

   TEL. (H): _____ (W): _____ (S):_____
4. BEDRAG VAN DEBIETORDER: _____ p.m.
5. DATUM VAN EERSTE BETALING: 1 FEBRUARIE 2023
6. DEBITEER ASSEBLIEF MY: TJEKREKENING ☐

   TRANSMISSIEREKENING ☐

   SPAARREKENING ☐
7. NAAM VAN BANK OF BOUVERENIGING: _____
8. TAK: _____
9. REKENINGNOMMER: _____
10. 6 OF 8-SYFER TAKKODE: _____

Naam en Van van kunsleerder(s) 2023	Graad & klas

Ek/Ons erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekking(s) teenoor my/ons rekening te behartig, geen van sy/hulle regte aan 'n derde party mag afstaan of sedeer sonder ons skriftelike toestemming wat vooraf verkry is nie, en dat ek/ons geen van my/ons verpligtinge ingevolge hierdie kontrak/magtiging aan 'n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming wat vooraf van die gemagtigde party verkry is nie.

HANDTEKENING: _____ DATUM: _____
(Rekeninghouer)